**Vrydag 16 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 12:37-43**
**Fokusgedeelte: Johannes 12:42 (1983-vertaling)**

## Geloof en geloofsbelydenis: nooit die een sonder die ander nie!

Johannes 12:42 spreek 'n mens aan. Wat allermooi veronderstel is om te wees, realiseer nie. Wat hoorbaar moet wees, ontaard in 'n berekende stilte. Jesus preek en praat. Sy preekwoorde getuig van andersheid as dit wat al in die verlede gehoor is. Hy getuig van sy aardse opdrag van die Vader ontvang. Hy vertel van die nuwe lewe en die nuwe dag en die volheid van die tyd – om nederig deur die strate te loop, van plek tot plek, mense aan te raak, mense te oortuig, mense uit lewensstof en vasvangmodder uit te lig.

Jesus wat preek en die wonder-lewensplan vir tyd en anderkant die tyd aan mense te bedien. Verslae flentermense wat die goeie nuus hoor: vrede en verlossing, genadekrag en lewensguns, genesing en geluk, nuwe harte en 'n nuwe gees …

Die Fariseër en die Skrifgeleerde luister egter ook. Ook die lede van die Joodse Raad. Met veragting dat die Fariseër Jesus se woorde afmaak. Dit raak hulle nie. Die vryspraak wat Jesus verkondig, is nie aan hulle wettiese presiesheid vas te maak en te verbind nie. Tog hoor baie van die lede van die Joodse Raad. Wat Jesus sê, maak sin. Dit dring deur tot lewensmurg en niere, dit verkrummel klipsteenharte, dit is saadkorrels van geloof. Hulle kan egter niks sê nie. Wat in die gemoed van sommige van die Joodse Raad se manne lewe, moet diep in hulle hart ongesê bly. Hulle is bang … bang vir die kritiek van die Fariseër! Hulle kan hulle werk verloor. Hulle glo, maar lofsing nie. Hulle glo, maar getuig nie. Hulle lof verstom.

Mense maak vandag nog so! Stille geloof. Geen openlike hartlikheid en getuienis nie. Bang … bang vir mense. Glo, maar niemand durf dit hoor nie. Wees 'n huigelaar in plaas van pratend-prekend in raadsaal, kerksaal, werkplek en woonplek, dwarsstraat en hoofstraat.

Glo in Jesus, die Here. Dank Hom in my binnekamer, maar getuig ook vry-uit in die ooptes van die lewe, vreesloos en dankbaar:

"My loflied tot u ere
Sal nie verstom, o Here …" (Ps. 71:4).

*Sing: Psalm 34:1*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*